# PROF. F. (FRANSJOHAN) PRETORIUS



**Genomineer deur:** Dr. Pierre Edwards

**Eerste sekondant:** Prof. Elsabé Taljard

**Tweede sekondant:** Prof. André Wessels

Sedert die vroeë sewentigerjare is prof. Fransjohan Pretorius se stem as historikus en akademikus een waarna geluister word – nie net plaaslik nie, maar ook in die internasionale arena. Sy status as internasionaal gerekende akademikus word die beste weerspieël in sy B1-gradering deur die Nasionale Navorsingsfonds (National Research Foundation (NRF)). Gradering deur die NRF is 'n instrument waarmee die kwaliteit van Suid-Afrikaanse navorsers teen dié van internasionale eweknieë gemeet word. 'n Gradering word toegeken op grond van 'n navorser se resente werk en die impak wat hy volgens vakgenote op sy vakgebied het. 'n B1-gradering beteken dat 'All [six or more] reviewers concur that the applicant enjoys considerable international recognition for the high quality and impact of his recent research output, with some of them indicating that he is a leading international scholar in the field'. Hy is een van slegs 19 akademici aan die Universiteit van Pretoria wat tans oor hierdie gradering beskik. Die feit dat slegs 15% van alle Suid-Afrikaanse akademici 'n NRF-gradering het, plaas hierdie prestasie verder in perspektief.

'n Blote kwantifisering van prof. Pretorius se navorsingsaktiwiteite en -uitsette sou nie reg laat geskied aan die bydrae wat hy in die breë tot die Suid-Afrikaanse geskiedenislandskap gelewer het nie – sy CV spreek in elk geval vanself. Sy gerekendheid as kundige oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902 dek 'n wye spektrum – hy is ewe tuis op internasionale kongrespodiums as in die informele omgewing van 'n plaaslike leeskring. Hy slaag daarin om inhoud wat dikwels beperk word tot hoë akademiese sfere bevatlik te maak vir dié mense wie se geskiedenis dit is. Net so weerhou die feit dat sy navorsing op 'n aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis fokus, hom nie van internasionale aansien nie.

Sy status as uitnemende navorser word nog meer merkwaardig as dit in ag geneem word dat hy in Afrikaans skryf. Die internasionale erkenning wat hy geniet as kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en spesifiek dié van die Anglo-Boereoorlog, slaan die geykte argument dat publikasie in Afrikaans tot beperkte blootstelling lei, die nek in – daarvan getuig die vele uitnodigings vir lesings en referate aan Europese en Amerikaanse instellings. Sy nagraadse studente skryf in Afrikaans – 'n praktyk wat deur taalbeleide van Suid-Afrikaanse universiteite toenemend onder druk kom. Studieleiers en promotors raai gevolglik hulle studente aan om in Engels te skryf, wat op die lang duur vernietigende implikasies vir Afrikaans as vaktaal gaan hê. Tog skroom hy nie om dit wat hy in Afrikaans doen aan 'n breër, anderstalige gehoor bekend te stel nie – hy is 'n gereelde gas in Engelse uitsaai-ateljees vir sowel radio- as TV-onderhoude.

Binne die breë Suid-Afrikaanse literêre konteks bevind prof. Pretorius hom in uitgelese geselskap. Sy boek *Die Anglo-Boereoorlog* is ook vertaal in Engels. *The Anglo Boer War 1899 – 1902* wat in 1998 deur Struik Uitgewers gepubliseer is, word deur die webblad van *Brand South Africa* (https://www.brandsouthafrica.com/people-culture/arts-culture/31-books-every-south-african-should-read) as een van 31 klassieke Suid-Afrikaanse leeservarings beskryf. Ander boeke op hierdie lys sluit in Nelson Mandela se *Long walk to freedom*, Alan Paton se *Cry, the beloved country*, J.M. Coetzee se *Disgrace* en Zakes Mda se *The heart of redness*.